SOJAS NOU DROOGTE-STAATMAKER

SOJABONE het in vanjaar se kwaai droogte klaarblyklik staatmaker-status verwerf. Talle boere, veral in die warmer en droër westelike dele waar soja-aanplantings vanjaar baie uitgebrei is, sê dit is opmerklik dat sojalande op baie plekke die droogte veel beter as mielielande deurstaan het.

"Ná vanjaar se hitte hoef boere nie meer te wonder of sojabone in die ou Wes-Transvaal sal aard nie; hulle sál," sê mnr. Gert van Rensburg van die plaas Soetendal by Schweizer-Reneke. Hy het vertel hoe 'n nuwe deur vir sy boerdery oopgegaan het toe mnr. Jozeph du Plessis, 'n medeboer van dié distrik, hom verlede jaar bekend gestel het aan sojabone.

Noordwes se soja-aanplantings staan vanjaar op 'n geraamde 35 000 ha, amper dubbel soveel as die vorige jaar s'n. Hul verwagte oes van 52 500 ton is 'n provinsiale rekord, uitgebreide droogteskade ten spyt.

Ook in die Vrystaat, wat tradisioneel Suid-Afrika se voorste mielieprodusent is, het sojabone die laaste jare groot opgang gemaak. Vanjaar se 305 000 ha sojabone in die Vrystaat is omtrent 'n derde meer as die vorige jaar se 201 000 ha en amper ses keer meer as ses jaar gelede se 55 000 ha. Dit is 59% van vanjaar se aantal hektaar onder sojabone in Suid-Afrika.

Met vanjaar se aanplantings het die Vrystaat Mpumalanga verbygesteek, wat die provinsie is wie se boere al jare lank die meeste hektaar sojabone in Suid-Afrika aanplant.

In Mpumalanga, met sy veel hoër gemiddelde opbrengs, is vanjaar 245 000 ha sojabone aangeplant. Die verwagte Vrystaatse oes (305 000 ton) is net-net agter die verwagte Mpumalanga-oes van 355 250 ton.

Die prestasie van soja onder droogtestres vanjaar, vergeleke met mielies, wys volgens sekere boere dat dié gewas ideaal is vir Noordwes.
FOTO: JOHAN NORVAL

LAAT REËN HELP

Intussen lyk dit asof die laaste weke se reënneerslae, wat die uitgerekte midsomerdroogte uiteindelik gebreek het, tóg die sojabone op die lande ietwat bevoordeel het, al is dit relatief laat in die groeityd.

Mnr. Wandile Sihlobo, 'n ekonoom van Graan SA, het teen 30 Maart gesê plaaslike sojaboonpryse was vir 'n groot deel van die vorige week onder druk omdat neerslae die naweek van 20 Maart sojaboon-oeste 'n blaaskans gegee het.

Die droogteskade is nietemin omvangryk: Volgens die jongste amptelike oesskatting word 'n nasionale sojaboon-oes van 942 850 ton verwag. Dit is nou wel net 'n aks minder as verlede jaar se 948 000 ton, maar die oppervlakte onder sojabone in Suid-Afrika was vanjaar 36% hoër as verlede jaar.

– MARLEEN SMITH